



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V1**

**NOVEMBER 2011**

# MOONTLIKE ANTWOORDE

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 inheemse (2)

1.1.2 Theravada (2)

1.1.3 Judaïsme (2)

1.1.4 Eucharist /Heilige Nagmaal/mass (2)

1.1.5 Shoghi Effendi (2)

1.2 1.2.1 Verskille

- Dit verwys na die verskille wat binne en oor godsdienste heen teenwoordig is.
- Hierdie konsep is ook nuttig by die vergelyking van 'n verskeidenheid godsdienste.
- Verskil as 'n konsep is ook toepaslik vir die uitlig van identiteite van spesifieke godsdienste sowel as verskille binne spesifieke godsdienste.
- Dit beteken ook anders as of 'n punt waar godsdienste nie dieselfde is nie. (4)

1.2.2 Dogma

- Die woord dogma kom van die Griekse woord 'dogma' wat oorspronklik 'voorkoms' of 'mening' beteken het
- Vandag het dit twee fyn betekenisverskille, naamlik:

1. 'n Beginsel, leerstelling of stelsel van hierdie spesifiek soos deur 'n gesamentlike godsdienstige owerheid neergelê.
2. 'n meningsverklaring. (4)

1.2.3 Ideologie

- Ideologie is nie 'n godsdiens nie, dit het egter 'n taamlik duidelike kennisinhoud wat na aan leringe/leerbeginsels, gelowe/oortuigings of leerstellings is.
- Ideologie inspireer die aanhangers met 'n entoesiasme wat baie soortgelyk aan godsdiens is. (4)

1.2.4 Eenheid

- Eenheid beteken harmonie en eenstemmigheid.
- Dit sou beteken dat godsdienste aktief saamwerk om sekere praktiese doelwitte in die gemeenskap te bereik.
- Dit kan ook beteken dat die leringe van verskillende godsdienste met mekaar verenigbaar is. (4)

1.2.5 Vergelykbaarheid
- Dít verwys na die vergelyking wat getref kan word tussen verskillende geloofsgroepe of godsdienstige instellings (byvoorbeeld denominasies)
- Vergelykbaarheid beteken dat twee of meer godsdienste vergelyk kan word om sodoende die ooreenkomste en verskille vas te stel. (4)

1.3 1.3.1 Induna (2)

1.3.2 Luthers (Lutheraan) (2)

1.3.3 Baha'ullah (2)

1.3.4 Fees van Ligte (2)

1.3.5 Kosjer (2)

1.4 1.4.1 C
1.4.2 D
1.4.3 A
1.4.4 E
1.4.5 B (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 Geloof:
- Geloof word somtyds na verwys as 'n godsdiens, byvoorbeeld die Islamitiese geloof.
- Geloof beskryf die aanvaarding van 'n stelling of lering, hierdie word as die waarheid beskou deur die verkleefdheid aan die gelowe/oortuigings. **(enige relevante inligting)** (4)
- **Vertroue**

2.1.2 Lering:
- Lering beteken om inligting te gee of om kennis te deel om sodoende geloof in 'n religie te versterk.
- In godsdiens spesifiek, beteken om te leer of te onderrig dikwels om stelselmatig inligting oor die onderwerp te gee. (4)

2.1.3 Verhouding tussen 'lering' en 'geloof':
- Godsdienstige leringe is op die geloof/oortuiging van 'n godsdiens gebaseer, terwyl lerings gebruik word om gelowe/oortuigings as godsdienstige waarhede te versterk.
- Godsdienstige leringe word as sekondêr tot godsdienstige gelowe/oortuigings beskou omdat godsdienstige gelowe/ oortuigings as primêr/finaal beskou word.

- In hierdie sin is lering baie betekenisvol in sommige godsdienste, natuurlik minder belangrik in ander en kwalik van enige belang in andere.
- Lerings in hierdie sin is baie belangrik in die godsdienste wat baie jare gelede ontwikkel het.
- Hierdie godsdienste het 'n plig om hulle oortuigings deur hulle leringe in te skerp.
- Die leringe behels meestal die godsdienstige etiek of waardes van die spesifieke godsdiens en, aldus is leringe en oortuigings in sommige godsdienste onderling verbind.
- Godsdienstige leringe kan in sommige godsdienste voorskriftelik wees. (6)

(enige relevante inligting in al die konsepte)

2.2
- Hindoeïsme sluit 'n geweldige reeks gelowe/oortuigings en praktyke in.
- Gelowe/Oortuigings bevorder vreedsame naasbestaan tussen mense.
- Gelowe/Oortuigings moedig die Hindoes aan om volgens aanvaarbare morele waardes te leef.
- Karma (Die lewe wat jy tans leef sal resultate oplewer – Oorsaak en Gevolg).
- Die finale doel in die Hindoe/Boeddhisme denkwyse is moksha/nirvana of die verlossing van lyding, ouderdom en uiteindelik die dood self.
- Geloof maak Hindoes/Boeddhiste bewus van die hoogste ingesteldheid wat die menslike bewussyn kan bereik.
- Geloof boesem vertroue en hoop in vir die lewe na die dood.

Die rol wat gelowe/oortuigings in Islam/Christelike geloof speel
- Geloof help die Moslem/Christen-gelowiges om die bestaan van Allah/God te erken en te bevestig.
- Geloof help ook die Moslems/Christene om volgens die wil van Allah en God te lewe.
- Geloof help die gelowige om daartoe in staat te wees om die goddelik geopenbaarde heilige geskrifte met begrip te lees.
- Geloof help die gelowiges om die natuur waar te neem en te bepeins en om te poog om hulle skepper, Allah/God te verstaan.
- Geloof gee die gelowiges die versekering van Allah of God se liefde en genade, wat in die Koran/Bybel beklemtoon word.
- Geloof bring hoop vir lewe na die dood, die ewige lewe. (10)

2.3

| Om verantwoordelikheid vir 'n mens se aksies te neem is 'n algemene godsdienstige lering. |
|---|

2.3.1 Boeddhisme
- In Boeddhisme is die neem van verantwoordelikheid op die wet van Karma gebaseer.
- Die wet van Karma is dat elke aksie gelyke en toepaslike reaksie het, gevolglik moet elke individu vir sy/haar keuse van aksie verantwoordelikheid neem.

- Omdat sy/haar keuses tot sy/haar huidige toestand gelei het.
- In Boeddhisme is daar geen geleentheid om 'n eksterne krag vir jou aksies of gevolge te blameer nie.

2.3.2 Afrika Tradisionele Godsdiens

- Die beginsel van ubuntu is 'n sosiale verantwoordelikheid wat verder as familieverantwoordelikheid gaan.
- Die ritueel om met die voorvaders te kommunikeer, toon dat selfs nadat hulle dood is, die persoon nog steeds met sy/haar familie verbind is.
- In ATG kan 'n mens nie 'n voorvader word indien hy/sy 'n onverantwoordelike lewe gelei het nie. /Jy kan net 'n voorvader word as jy 'n erfgenaam naamlaat.(kinders)
- Die huwelik en familie word as godsdienstige verantwoordelikhede beskou.
- Respek teenoor ouer mense is belangrik in Afrika Tradisionele Godsdiens.

2.3.3 Judaïsme

- 'n Belangrike deel om Joods te wees is om diegene in nood te help.
- Volgens Judaïsme het mense die vermoed om beide goed en kwaad te wees.
- Mense is inherent goed, maar het 'n swakheid om sonde te doen wat 'n verleiding is.
- Die Tora is 'n boek van die wet wat die optrede wat Jode reguleer.
- Gevolglik is dit die verantwoordelikheid van 'n Jood om die wet te bestudeer en na te volg. (6 x 2) (12)

2.4 Mite

- Mites is gewoonlik verhale of stories oor goddelike of heroïese wesens.
- 'n Mite is 'n storie wat geskep is om die onsienlike deur die sienlike te verduidelik, en om deur simbole lewe aan ons geloof te gee.
- Mites is nie feitelik nie, maar word gebruik om waardes en lesse te leer. (6)

2.5 Die rol van gelykenisse in godsdienstige leringe

- Die woord gelykenis verwys na 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer of om 'n godsdienstige vraag te beantwoord.
- 'n Gelykenis is gewoonlik baie kort en bevat 'n definitiewe morele les.
- Dit is baie soortgelyk aan 'n lering.
- Die hoofverskil tussen die twee woorde is dat gelykenisse 'n kunsvorm is, wat nie noodwendig die geval met leringe is nie. (8)
- (een voorbeeld van 'n gelykenis) **[50]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 Godsdienstige leringe

Byvoorbeeld: CHRISTELIKE GODSDIENS

Katolieke Kerk:

- Die Katolieke Kerk maak aanspraak daarop dat hulle die eerste/oorspronklike kerk was.

- Almal is in sonde gebore, vanweë Adam en Eva se ongehoorsaamheid aan God.
- God bestaan uit drie dele – Vader, Seun en Heilige Gees, i.e. Drie-eenheid
- Die Heilige Gees kom van God die Vader en die Seun.

Oosters-Ortodoks
- Die Heilige Gees kom slegs van God die Vader, en nie van die Seun nie.
- Hulle glo dat hulle die kerk is wat 'reg gelei word'.
- Oppergesag van die Pous is nie erken nie.

Protestantisme
- Die Bybel het meer gesag as die Pous.
- Rituele is nie belangrik nie.
- Hulle leer dat geloof die sleutel tot verlossing is.
- Hulle glo dat verlossing 'n geskenk is wat vrylik op grond van Jesus Christus se werke gegee word. (10)

3.1.2 Bestuur:

Byvoorbeeld: Die CHRISTELIKE GODSDIENS
Katolieke Kerk:
- Politieke beheer is tradisioneel as Rome gesien.
- Die hoof van die Katolieke Kerk is die Pous.
- Die eerste Pous was glo St Peter.
- Die vasteland Europa het Katoliek gebly. Lande wat deur die vasteland Europa gekoloniseer is, het ook Katolisisme aangeneem. Byvoorbeeld Suid-Amerika en dele van Afrika.
- Die Katolieke Kerk het rangordes van monnike, priesters en nonne.
- Alle Katolieke Kerke word deur die Vatikaan bestuur.
- Die parogie is 'n area of distrik met 'n spesifieke kerk en priester.

Oosters-Ortodoks
- Politieke beheer was tradisioneel Istanbul.
- Oosters-Ortodokse Kerke word in die Midde-Ooste, dele van Afrika, Griekeland en Rusland aangetref.
- Die kerkstruktuur bestaan uit priesters en biskoppe.
- Daar is nie een leier nie.
- Gesag binne die Kerk is in die hande van 'n groep biskoppe.
- Dit word geglo dat die gesag en genade van God direk aan ortodokse biskoppe en geestelikes deur 'handoplegging' deurgegee word.
- 'n Bisdom is 'n groep parogieë onder die leiding van 'n biskop.

Protestantisme

- Hierdie beweging is in 1517 deur 'n Duitse monnik, Martin Luther begin.
- Hy het die Katolieke Kerk aangeval in verband met vergrype deur kerkamptenare.
- Spoedig het Engeland, Skotland, Nederland, Skandinawië, en dele van Switserland en Duitsland Protestants geword.
- Die kerke word deur predikante en biskoppe of verkose ouderlinge in sommige kerke wat in die ampte bevestig is, bestuur.
- Oorhoofse bestuur word deur hoër gesag soos 'n Sinode of Algemene Raad, onder voorsitterskap van die biskop hanteer.
- In ander Protestantse Kerke is elke kerk egter onafhanklik en nie verantwoordelik aan enige gesag hoër as die gemeente nie, byvoorbeeld die Baptiste en Kongregasionele ('Congregational') kerke.
- Voorbeelde is die Gereformeerde Kerke en die Verenigde Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika. (10)

3.1.3 DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

Godsdienstige praktyke:

Katoliek

- Aansteek van kerse
- Bywoning van die Heilige Mis
- Brand reukwerk
- Doop as 'n Sakrament
- Huwelik as 'n Sakrament
- Aanneming as 'n Sakrament
- Eerbied vir die Kruis
- Verering van Maria, die Maagd en ander Heiliges
- Skuldbelydenis teenoor die priester
- Onderhouding van verskillende Feesdae (Heilige Dae)

Oosters-Ortodoks

- Aansteek van kerse
- Die Nagmaal
- Die soen van die beelde van Heiliges, genaamd ikone
- Brand reukwerk
- Doop

Protestantisme

- Bywoning van Sondagdienste
- Nagmaalsdienste
- Genesingsdienste
- Herlewingskruistogte
- Geen verering van Heiliges en die Kruis nie. (10)

3.1.1 Byvoorbeeld: ISLAM
Godsdienstige leringe

Sunni's

- Sunni's glo dat die gelowiges eerder as die afstammelinge hulle leiers moet kies.
- Sunni verwys na die 'navolging' van sunnah (voorbeeld) van die Profeet Mohammed.
- Al die kamerade van die Profeet word ewe veel respek in die Islamitiese regswetenskap gegee.

Shi'a

- Hulle glo dat die kalifaat afstammelinge van die Profeet Mohammed moet wees.
- Hulle beweer dat hierdie kaliefs goddelik aangestelde imams met bonatuurlike kennis en gesag is wat die gelowiges moet lei.
- Hulle herdenk die dood van Hussein wie hulle glo 'n marteldood by Karbala gesterf het.
- Hulle deel 'n gesamentlike skuldgevoel omdat hulle nie tot sy redding gekom het toe hy doodgemaak is nie.
- Hulle beoefen self-skending

(10)

3.1.2 Bestuur

Byvoorbeeld, ISLAM

Sunni

- Daar is geen geestelikes in Sunni Islam nie.
- Enige Moslem kan as gemeenskapsraadslid dien.
- Bestuur is gemeeskapsgebaseer.
- Geleerdes van Islam (ulema) en gemeenskapslede (vrywilligers) dien in bestuursrade van moskees en madressas en skole.
- In bestuur word die sunnah van die Profeet geheilig, byvoorbeeld bestuur deur Shura (of komitee), en beraadslaging.

Shi'a

- Shi'a Moslems vereer die afstammelinge van die Profeet Mohammed, en glo dat hulle 'n goddelike reg het om die Moslems te lei.
- Hulle reserveer die titel 'Imam' vir sekere leiers uit die

verlede waarvan geglo is dat hulle deur God gekies was.
- Bestuur is in die hande van mullahs (priesters).
- Die mullahs het ook aansienlike politieke invloed. (10)

3.1.3 Godsdienstige praktyke

Byvoorbeeld, ISLAM

Sunni

- Godsdienstige praktyke is streng in ooreenstemming met die sunnah (voorbeeld) van die Profeet, soos in die Hadith neergelê.
- 'n 'Imam' is eenvoudig die leier van gemeentelike gebed.
- 'Imam' dui nie formele opleiding in Sunni Islam aan nie.
- Daar is vier erkende geleerdes ten opsigte van regsaangeleenthede in Islam.

- Die konsep van Muttah (tydelike huwelike) word nie in Sunni Islam erken nie, aangesien die Sunni's beweer dat dit deur die Profeet afgeskaf is.

Shi'a

- Daardie Hadith van Ali en atima, dogter van die Profeet, en word meer prominensie gegee.
- Die bedevaartplek ('shrine') van Hussein in Karbala is 'n belangrike bedevaartvers vir Shi'as.
- Shi'a Moslems word toegelaat om die vyf daaglikse gebede in drie te kombineer.
- Muttah (tydelike huwelike) word toegelaat.
- Daar is twee regsadviesskole, Akbari en Usuli. (10)

3.1.1 Godsdienstige leringe

Byvoorbeeld, HINDOEÏSME

- Vir 'n lang tyd het Hindoeïsme nie onderafdelings soos in ander godsdienste gehad nie.
- Die rede hiervoor is dat die godsdiens nie sentrale beheer gehad het nie.
- Hervormers het binne die bestaande stelsel gewerk.
- Tradisionele Hindoeïsme het om aanbidding by die huis en in die tempel gesentreer.
- Elke tempel was onafhanklik.

Saïvisme

- Word as die oudste van Hindoe-skole beskou.
- Dit bestaan uit mistieke en geestelike praktyke om moksha (bevryding) te bereik.

- Volgelinge glo dat Shiva die oppergod is.
- Shiva word as beide skepper en vernietiger beskou.
- Hy word ook 'Heer van die kosmiese dans' genoem.

<u>Vaïshnavisme</u>

- Vaïshnavite aanbid Vishnu as oppergod.
- Hy word as 'n goedhartige en liefdevolle godheid in Hindoeïsme gesien.
- Hy word met oorwinning van die bose en onkunde geassosieer.
- Hy word ook as die behouer van die kosmiese orde sowel as die mag van kennis gesien.
- In Hindoe-mitologie, is die wêreld uit 'n lotus-blom wat uit Shiva se naeltjie gegroei het, geskep.

<u>Shaktism</u>

- Die enigste skool in Hindoeïsme wat 'n oppergodin aanbid.
- Volgelinge aanbid godin Shakti, of 'Groot Moeder'.
- Sy is soms as Devi bekend.
- Sy word as bron van lewe en kreatiewe energie in die heelal gesien.
- Sy word as skepper en beheerder van alle kragte in die natuur gesien.
- Volgelinge glo slegs volkome toewyding aan Shakti mense van onkunde en begeerte kan red.

<u>Neo-Hindoe-bewegings</u>

- Groepe soos Die Goddelike Lewensgenootskap, Internasionale Genootskap vir Krishna Bewustheid is taamlik verskillend van tradisionele Hindoeïsme, en word neo-Hindoe-bewegings genoem.
- Minder klem word op rituele en meer op individuele en groepsaanbidding gelê.
- Dít word bhakti genoem.
- Bhakti sluit nog steeds etlike rituele elemente in. (10)

3.1.2 Bestuur

HINDOEÏSME

Bestuur:

- Elke tempel was onafhanklik in terme van bestuur.
- Rituele is ook nie voorgeskryf nie, maar deur plaaslike priesters uit die gemeenskappe bepaal.
- Vandag het lande met 'n sterk Hindoe-teenwoordigheid 'n bestuursliggaam wat beide tradisionele en neo-Hindoe-bewegings verteenwoordig.
- In Suid-Afrika is so 'n liggaam die SA Hindu Maha Saba.
- Daar is ook streeksorganisasies met 'n taalkundige en kulturele fokus (byvoorbeeld Gujerati, Hindi, Telegu). (10)

3.1.3 Godsdienstige praktyke

HINDOEÏSME

Sanatan

- Aansteek van lampe
- Heilige vuurseremonie
- Verering van 'n godheid en Heiliges
- Verering van inkarnasies
- Viering van baie godsdienstige feesdae

Arya Samaj

- Heilige vuurseremonie
- Verering van vormloosheid ('formless')
- Beperkte viering van feesdae
- Klem op Vediese 'mantras' (10)
- Beperkte rituele aanbidding

3.2 3.2.1 Uniekheid van ENIGE EEN van die godsdienste:

| Boeddhisme | Hindoeïsme |
|---|---|
| • Daar is geen God by die kern van die godsdiens se oortuigings en leringe nie.<br>• Verwerp die idee dat die mens 'n siel het wat aanhou lewe na die dood.<br>• Die stigter is die Boeddha wat uitgegaan het op soek na die betekenis van die lewe.<br>• Hy het geleer dat die heelal tydelik van aard is<br>• Die mens is in 'n staat van lyding omdat hy/sy aan die illusie van 'n permanente self en siel vasklou. | • Het nie 'n stigter nie.<br>• Het nie dogmas of leerstellings nie<br>• Maar het 'n stel beginsels wat die sentrale lerings bestuur.<br>• Is opgemaak uit baie verskillende skole en tradisies wat hulle unieke onafhanklike idees en praktyke ontwikkel het.<br>• 'n Godsdiens wat oop en verdraagsaam is teenoor ander kulture en invloede.<br>• Glo in een oppergodheid wat in baie verskillende vorme kan verskyn. |
| **Yoruba** | **Aka-geloof** |
| • Glo dat die kosmos twee vlakke, hemel en aarde, het.<br>• Hemel vir oppergod, godheid en voorvaders.<br>• Elke godheid het sy eie priesterdom.<br>• Aarde vir mense en diere.<br>• Yorubas bid eerder tot die godheid as tot die oppergod.<br>• Daar is 'n hele aantal godhede ('deities'), byvoorbeeld Obatala, orunmila, Shango, Oya en Oshum.<br>• In gemeenskapsfeeste word voorvaders deur mans in | • Die Aka nomadiese lewenstyl word sterk in hulle geloofstelsel gereflekteer.<br>• Hulle rituele is op voorvaders en dieregeeste vir jag gerig.<br>• Daar is 'n groot verskil in geloof tussen die Aka-stamme.<br>• Daar word gesê dat die skepper, Bembe gou na die skeppingsdaad uitgetree het.<br>• Die woudgees, Dzengi, ontvang die meeste godsdienstige aandag.<br>• Hulle glo aan reïnkarnasie beperk binne hul eie spesie. |

| | |
|---|---|
| kleurvolle kostuums en maskers voorgestel. | • Hulle glo dat toorkuns met toorkuns beveg word. |

(10)

LW. 'n kandidaat moet krediet kry as hy/sy slegs op algemene kenmerke van ATR Gefokus het.

3.2.2 Ooreenkomste tussen bogenoemde groep godsdienste:

Midde-Oosterse godsdienste (Judaïsme en die Christelike geloof)

- Glo in God.
- Glo in die bestaan en rol van die Duiwel of Satan.
- Glo in die bestaan en rol van engele.
- Glo in die lewe na die dood.
- Glo in die gesag van die Bybel as die Woord van God.

(Oosterse godsdienste) Boeddhisme en Hindoeïsme

- Glo in reïnkarnasie.
- Glo in die wet van Karma.
- Die glo in 'n godheid is nie nodig nie.
- Die doel van lewe is Moksha en Nirvana.
- Beoefen selibaatheid.

Afrika Tradisionele Godsdiens

- God het die eerste generasie geskep.
- God het godsdiens aan die eerste generasie openbaar gemaak.
- Die eerste generasie het die eerste voorvaders geword nadat hulle gesterf het.
- Glo in een Opperskepper.
- Geen spesifieke stigter nie.
- Geen heilige skrifte nie.
- Verering van voorvaders.
- Geen spesifieke dogma of leerstelling nie.
- Hoofsaaklik ritueelgebaseerde geloofstelsels.

(10)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Menseregte:

Boeddhisme

- Hulle glo aan die agtvoudige pad.

- Regte sienings, regte voornemens, regte taal, regte aksies, regte lewensonderhoud, regte poging, regte opmerksaamheid, regte konsentrasie wat tot Nirvana lei.
- Die Boeddha het gedink dat om 'n sedelike lewe te leef selfdissipline en selfbeheer sou teweegbring.
- Soos jy saai so sal jy oes.
- Jy moet nie-verkleefdheid beoefen.
- Agt wyses/speke van Hindoeisme moet erken word.

Baha'i

- Volgelinge van Baha'i glo dat harmonie en eenheid tussen alle mense bereik sal word.
- Baha'i glo dat God die onkenbare/ondeurgrondelike wese bo menslike hoedanigheid is.
- Hulle glo aan eenheid van die mensdom en dat hulle geskep is om God te ken en lief te hê.
- Hulle leer dat alle mense gelyk is.
- Hulle leer die eenheid van alle godsdienste. (20)
-

4.2 4.2.1 Nee

- Die toename in sekularisme is nie noodwendig anti-geestelik nie.
- Baie van die moderne sekulêre en godsdienstige denkwyse plaas groot klem op sake soos omgewingsbewaring en 'n einde aan gewapende konflik.
- Beide bevorder wêreldwye sosiale, rasse en ekonomiese regverdigheid.
- Baie mag argumenteer dat 'n wêreld met minder godsdiens 'n minder geestelike wêreld sou wees.
- Die bewyse tot op hede steun nie so 'n gevolgtrekking nie.

Ja

- Bywoning van godsdienstige byeenkomste is wêreldwyd besig om af te neem.
- Dít is veral waar onder die jeug (WCRP-navorsing)
- Godsdienste word as irrelevant in terme van hedendaagse uitdagings, byvoorbeeld sosio-ekonomiese uitdagings beskou.
- Godsdiensleiers word in duidelike materialisme vasgevang.
- Ekonomiese uitdagings word nie deur godsdiens die hoof gebied nie.
- Beide kapitalisme en kommunisme verswak godsdienstige waardes. (6)

4.2.2 *Sekulêre wêreldbeskouing*

Sekularisme in persoonlike lewe behels 'n betrokkenheid by/oorgawe aan:

- Etiek gebaseer op die beredenering oor die menslike natuur sonder verwysing na God (Gode)
- Verstaan van die heelal sonder om 'n beroep op godsdienstige verduideliking te doen. (4)

4.2.3
- Ateisme as 'n voorbeeld
- Ateïste is mense wat nie in die bestaan van goddelike wesens of 'n Opperwese of 'n goddelike gesag glo nie.
- Daar is verskillende vorme van ateïsme: neutraal (sag), positief (sterk).
- Dit is 'n filosofie wat op verskillende maniere verstaan moet word.
- Die meeste nie-gelowiges beweer dat dit onmoontlik is om verseker te weet of God, gode of godinne werklik bestaan. (8)

4.3 4.3.1 Die individu

OPSIE A
- Die lewe kan materialisties word.
- Die lewe kan ook individualisties wees.
- Geloof in 'n opperwese sou ophou om te bestaan.
- Godsdienstige byeenkomste en feeste sou nie langer gehou word nie.

OPSIE B
- 'n Persoon sou vry wees om sy/haar eie keuse uit te oefen.
- Waardes/Etiek kan opgemaak word deur jou eie verstand te gebruik.
- Wetenskap en rede sou besluitneming dikteer.
- Vry navraag/ondersoek sou aangemoedig word.

*(Enige redelike scenario moet krediet voor gegee word.)* (6)

4.3.2 Die gemeenskap in sy geheel

OPSIE A
- Sosiale moraliteit sou afneem.
- Verantwoordelikheid/Aanspreeklikheid van die politieke proses sou grootliks afneem.
- Daar sou 'n toename/styging in anti-sosiale gedrag wees.
- Die omgewing sou nie as geestelik, maar eerder as 'n geleentheid om te plunder beskou word.

OPSIE B
- Daar sal geen godsdienstige vervolging wees nie.
- Populis-bewegings sou die waardes bepaal.
- Daar sal geen vrees vir die onbekende wees nie.
- Daar sal geen behoefte aan die glo in die bonatuurlike wees nie.

*(Enige redelike scenario moet krediet voor gegee word.)* (6)
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 Voorbeeld A:
Godsdienstige konflik in Ayodhya

- 500 jaar gelede is die Babri Moskee in Ayodhya gebou.
- Die Hindoes hou nog altyd vol dat die Moskee op die geboorteplek van Heer Rama gebou is.
- Die tempel is vernietig om die moskee te bou.
- Etlike argeologiese bewyse meen dat dít waar kan wees.
- In Desember 1992 het 'n paar Hindoes die moskee afgebreek.
- Die saak is aan die Hooggeregshof van Uttar Pradesh oorhandig.

Voorbeeld B:

- Die Darfoer-konflik in Suid-Soedan het meer as 100 jaar gelede begin.
- Die hoofverdeeldheid/skeidings was etnies/stam en kultureel van aard.
- Godsdiens is nie 'n radikale bron van verdeling nie.
- Die meeste mense in Darfoer is Sunni-Moslems, soos die regering van Kartoem.
- Daar is 'n paar Christene en ATR-volgelinge in die suide.
- Droogte het verhoogde kompetisie vir beperkte hulpbronne tot gevolg gehad en dit het tot konflik tussen die nomades en boere gelei.
- In 1983 was daar burgeroorlog toe die Moslem-regering probeer het om die Islamitiese wet in die suide af te dwing. (10)
- (glevante voorbeeld)ee erkening aan enige re

5.1.2

- Nadat die saak vir baie dekades in die hof gelê het, het die hooggeregshof in September 2010 uitspraak gelewer.
- Die hof het die eiendom onder dispuut in drie dele onderverdeel.
- Die verontregte partye was ongelukkig en die saak word in die Hooggeregshof van Indië aangehoor.

Voorbeeld B:

- In 2005 het Suid-Afrika die vredesooreenkoms tussen die Noorde en die Suide bemiddel.
- Konflik het egter voortgeduur.
- In 2006, het die President die Verenigde Volke se betrokkenheid om die dispuut by te lê, teengestaan.
- In 2011 het 'n VV-gesteunde referendum op die verdeling van die Suide besluit.
- Daar is harmonieuse betrekkinge met die Kartoem-regering. (6)

5.1.3 Voorbeeld A:

- Baie beweer dat politieke leiers die godsdienstige sentimente gebruik het om hulle eie belange te bevorder.
- Hindoes en Moslems het vir baie dekades in dieselfde struktuur gebid.

- Die dispuut is op 'n volwasse wyse deur die mense van Ayodhya hanteer.
- Toe nasionale politieke leiers en fundamentalistiese godsdienstige leiers by die dispuut aangesluit het, het die saak buite beheer geraak.
- Baie mense het hulle lewens in hierdie dispuut, wat deur vurige politieke en godsdienstige leiers gelei was, verloor.

Voorbeeld B:

- Godsdiens is nie 'n radikale bron van verdeling nie.
- Die meeste mense aan beide kante van die konflik is Sunni Moslems.
- Godsdiens het 'n indirekte rol in die 1983-burgeroorlog gespeel.
- Godsdienste het 'n groot rol gespeel om te probeer help.

- Twee godsdienstige organisasies wat betrokke was, was die Islamitiese Verligtingsagentskap ('Islamic Relief Agency') en Die Katolieke Agentskap vir Oorsese Ontwikkeling.
- Hierdie hulp het die bou van klinieke en skole en die herstel van die infrastruktuur ingesluit.
- Die konflik het egter voortgegaan.

(10)

5.1.4 Voorbeeld A:

- Die houding van die mense teenoor die dispuut het aansienlik volwasse geword.
- Die laaste hofuitspraak is met stewige akademiese gronde. insig/begrip ontvang.
- Geen geweld is gerapporteer nie.
- Godsdienstige en politieke leiers het besluit om op 'n beheerste wyse op te tree en nie die mense se emosies op te klits nie.
- Dít het vrede tot gevolg gehad.
- Die godsdienstige leiers het godsdiens gebruik om eenheid te bewerkstellig.

Voorbeeld B:

- Die konflik was nie godsdienstig van aard nie.
- Dit was sosio-ekonomies van aard.
- Internasionale en godsdienstige liggame het beide 'n rol in die beëindiging van die konflik gespeel.
- Daar is nou 'n harmonieuse verhouding tussen die Noorde en die Suide. (4)

5.2 5.2.1 Opsie A:
Ja

- Die artikel verwys na 'n 'oorweldigende meerderheid' wat ten gunste van die doodstraf is.
- Dit verwys na 'Bybelse oplossings' vir die probleem van

- Twee godsdienstige organisasies wat betrokke was, was die Islamitiese Verligtingsagentskap ('Islamic Relief Agency') en Die Katolieke Agentskap vir Oorsese Ontwikkeling.
- Hierdie hulp het die bou van klinieke en skole en die herstel van die infrastruktuur ingesluit.
- Die konflik het egter voortgegaan. (10)

5.1.4 Voorbeeld A:

- Die houding van die mense teenoor die dispuut het aansienlik volwasse geword.
- Die laaste hofuitspraak is met akademiese insig/begrip ontvang.
- Geen geweld is gerapporteer nie.
- Godsdienstige en politieke leiers het besluit om op 'n beheerste wyse op te tree en nie die mense se emosies op te klits nie.
- Dít het vrede tot gevolg gehad.
- Die godsdienstige leiers het godsdiens gebruik om eenheid te bewerkstellig.

Voorbeeld B:

- Die konflik was nie godsdienstig van aard nie.
- Dit was sosio-ekonomies van aard.
- Internasionale en godsdienstige liggame het beide 'n rol in die beëindiging van die konflik gespeel.
- Daar is nou 'n harmonieuse verhouding tussen die Noorde en die Suide. (4)

5.2 5.2.1 Opsie A:
Ja

- Die artikel verwys na 'n 'oorweldigende meerderheid' wat ten gunste van die doodstraf is.
- Dit verwys na 'Bybelse oplossings' vir die probleem van gewelddadige misdaad.
- Die doodstraf word vir ernstige misdade, soos verkragting en moord aanbeveel.
- Verenigde State van Amerika-studies is ten gunste van die doodstraf.

Opsie B:
Nee

- Internasionale en plaaslike studies toon dat die doodstraf nie as afskrikmiddel dien nie.
- Regter Chaskalson stel voor dat gewelddadige misdaad nie as gevolg van die afskaffing van die doodstraf is nie.
- Regter Dennis Davis voel dat die publiek aangaande die Suid-Afrikaanse Grondwet opgevoed moet word.
- Die mense wat beswaar maak word as 'fundamentaliste' beskryf, wat 'n negatiewe vooroordeel toon. (4)

5.2.2 Opsie A:

Ja

- Die artikel sê 'Amper alle navorsing wat op misdaad gedoen is, toon dat Suid-Afrikaners glo dat misdaad die ernstigste probleem in die land is'.
- Die artikel noem die 'Afrika- Christelike Aksie'-groep as ten gunste van die doodstraf.

Nee

- Die protesteerders word 'fundamentaliste' genoem.
- Die VSA-navorsingsbevindinge word deur plaaslike en internasionale navorsing weerlê.
- Die regters wat aangehaal word, sien nie die doodstraf as 'n oplossing tot die hoë vlakke van misdaad in Suid-Afrika nie. (4)

5.2.3 Opsie A:

Ja

- Die Christelike groep reageer op media-artikels oor hoë misdaadsyfers in Suid-Afrika.
- Die Bybel beveel die doodstraf vir ernstige misdade aan waar daar na die 'swaard' (Romeine 13) (Genesis 9 – vers 6) verwys word. Die artikel dui egter aan dat navorsing toon dat die doodstraf 'n ondoeltreffende afskrikmiddel is.
- Die media moedig sekulêre wêreldbeskouinge aan. Dieselfde word nie vir godsdienstige funksies gedoen nie.
- Advertering van alkohol (en die gebruik daarvan) gaan teen die leringe van baie godsdienste in, byvoorbeeld Islam, Boeddhisme en Hindoeïsme.

Opsie B:

Nee

- Godsdienstige mense sal hulle godsdienstige oortuigings behou.
- Die Bybel beveel nie die doodstraf aan nie, maar moedig vergifnis aan.
- Dit val nie godsdienstige leringe aan nie.
- In Suid-Afrika, maak die Uitsaaiklagtekommissie van Suid-Afrika (UKKSA) seker dat daar geen skadelike verslaggewing of vooroordeel is nie.
- Die Grondwet laat vryheid van uitdrukking toe, selfs al is die idees teenstrydig met die Grondwet. (8)

5.2.4

- Hy is daarteen gekant.
- Hy sê dat geweld nie as gevolg van die afskaffing van die doodstraf is nie. (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou